

Die lewe het nie net 'n sondekant het nie, maar ook 'n sonkant

Die spesiale taak van Israel as dienaar van die Here word hier aangekondig. Eers word oor die taak van die dienaar gepraat (vs 1-4). Dan word die dienaar direk aangespreek en sy taak verder toegelig (vs 5-7). Die gedeelte sluit af met die versekering dat God self die waarborg is vir die nuwe bedeling wat aangekondig word (vs 8-9).

Die dienaar word deur God self aangestel. God, wat pas die volk wat in ballingskap was, oortuig het dat Hy die enigste God is (lees Jes 41:8-29), kondig nou aan dat Hy hulle aanstel om sy wil aan die nasies bekend te stel. God self rus sy dienaar toe vir hierdie profetiese taak. Hy sal sy taak nie met groot fanfare uitvoer nie. Dit is nie sy taak om te vernietig wat alreeds gebroke is nie, maar om stilweg die wil van God bekend te maak. In die Hebreeus staan daar letterlik die kneg sal "die reg na die nasies uitbring". Hy sal hulle leer wat reg is. Hy sal hulle leer om God as die enigste ware God te aanbid. Met hierdie taakaanstelling kry die dienaar die versekering dat hy nie uitgedoof sal word totdat hy sy taak uitgevoer het nie. Die verste volke sien reeds met verwagting uit dat die dienaar sy taak uitvoer.

Die opdrag aan die dienaar word bevestig. God wat die dienaar roep en aanstel, is die Skeppergod, "Hy wat die hemelkoepel geskep en dit oopgespan het, Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op aarde die asem gee, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg" (vs 5). Hy stel Israel aan om te dien as lig vir die nasies. Gelowiges word almal geroep om ligdraers in hierdie gebroke wêreld te wees; om in die wêreld te getuig dat die lewe nie net 'n sondekant het nie, maar ook 'n sonkant. Wie so dien, is deel van God se grondpersoneel in die koms van sy koninkryk.

Sing: Psalm 40:3, 4

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)